BILTONG BULLETIN

Uitgawe 16 - Desember 2006

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Na 'n lekker bedrywige Kerstyd is ons weer terug op ons pos. Ons wens almal 'n geseënde en voorspoedige 2007 toe!

Soos gebruiklik in die Desember-uitgawe, gee ons 'n samevatting van verdienstelike sake waaroor ons vanjaar berig het, maar sluit ook vars nuus in - soortvan die droër en nat biltong van die nuuswêreld ... Ons hoop julle geniet dit!

LEESHOEKIE – 'N OORSIG

- Bestel Suid-Afrikaanse musiek en boeke van **www.kalahari.net**;
- *Kakkerlak* is 'n volkleur tydskrif oor skrywers, digters, boeke, kunstenaars en kultuur vir alle Afrikaanse lettervreters – sien **kakkerlak@mweb.co.za**.
- *The Expat Confessions* is 'n boek oor die ervarings van Suid-Afrikaners wat hulle oor die hele aardbol vestig. Bestel dit van die webwerf **www.sareunited.com**.
- *AfricaNews* is 'n gratis e-nuusbrief. Dit dek 'n wye spektrum van gebeure op die kontinent. Inligting is beskikbaar van **info@africa-news.net**.
- *African Salad. A portrait of South Africans at home* is 'n wonderlike resepteboek van 264 bladsye met 'n unieke hardeband omslag, meer as 200 volkleur foto's en 70+ illustrasies. Bestel van **www.africansalad.co.za**, of kontak **africansalad@dayone.co.za**

- *passi* is die eerste Afrikaanse glanstydskrif net vir Vrystaters en Noord-Kapenaars, en net oor hulle mense, stories, plekke, ontwikkelings, huise en gebeure: **www.passi.co.za**.
- *JULUKA* is a magazine produced in the United States for those interested in South Africa. It is published every other month. For more details, visit **www.julukanews.com**.

- *Joburg! The Passion Behind a City* is a 408 page coffee table-style book including around 1000 pictures and 100 articles reflecting the renewal and development underway in Johannesburg at multiple levels. It can be purchased directly from the publisher for R330-00 (excluding delivery). For more information or to place an order please contact **Joburg@brandsandbranding.co.za** or log onto **www.thejoburgbook.co.za**

SAAK VAN DIE MAAND

As jy binnekort in Suid-Afrika gaan bestuur, is **www.arrivealive.co.za** die webwerf om te besoek. Daar is hope nuus vir alle padgebruikers, byvoorbeeld inligting oor padtoestande, padveiligheidswenke en baie nuttige skakels. Lees meer oor die webwerf en die uitsonderlike man wat dit sonder staatsbefondsing begin het by **http://www.southafrica.info/public_services/citizens/arrivealive.htm**.

WEBWERWE – 'N OORSIG

- **www.safarikidz.co.za** is 'n interaktiewe, veeltalige pakket vir kinders oor Suid-Afrikaanse fauna en flora.
- Vir die jongste Suid-Afrikaanse nuus, kan **www.media24.com** besoek word.
- Avontuurryke vakansies in Suid-Afrika word vir jou of jou geliefdes beplan deur **www.experiencethis.co.za**.
- Besoek die Karoo by **MailScanner has detected a possible fraud attempt from "biltongbulletin" claiming to be www.centralkaroo.co.za**.

- Suid Afrikaanse soekenjins is: **www.anazi.co.za** en **www.aardvark.co.za**.
- Dr. Jacques du Plessis het 'n webwerf geloods waar jy Afrikaans gratis kan aanleer. Die adres daarvan is **www.afrikaans.us**.
- Jan Kriel Instituut en skool help om kinders met epilepsie of spesiale onderwysbehoeftes 'n kans te gee. Die Instituut se adres is **www.jankriel.org.za**.
- Henri het ons laat weet van 'n webwerf waar alle oud-soldate kan gesels – **www.valskermsoldaat.com** of **www.airbornesoldier.com**.
- Ouer uitgawes van die gratis e-nuusbrief *AfricaNews* kan van die webwerf **http://www.africa-interactive.net/index.php?PageID=708** afgelaai word.
- **www.jump.co.za** is 'n soekenjin vir Suid-Afrikaanse produkte en dienste.
- Afrikaanse kinderrympies is beskikbaar van **www.swart.co.nz/afrikaans/kinderrympies**.
- *Buidelpos*, 'n aanlyn nuusbrief vir Suid-Afrikaners in Australië, is aanlyn beskikbaar by **www.buidelpos.com.au**.
- *Afrikaans in Christchurch* se webwerf het 'n nuwe afdeling, genaamd "Geelbladsye" begin. Dit is 'n lys van diensverskaffers wat ook Afrikaans gebruik. Kyk gerus daarna op **www.swart.co.nz/afrikaans/geelbladsye**.
- **Soek-Afrikaans.co.za** is die enigste Afrikaanse soekenjin wat deur Google-tegnologie aangedryf word!
- SANZ is 'n diensorganisasie vir Suid-Afrikaners in Nieu-Seeland – **http://www.sanz.co.nz/**.

NATUURBEWARING

In Desember het ons 'n beseerde swaweltjie in die straat opgetel. Sy maats het braaf op elke aankomende motor afgeduik om hom te probeer red. Hoe gemaak met die voëltjie? Hy was nie erg beseer nie, maar sou 'n ruk lank versorg moes word. Swawels moet elke twee ure gevoer word en omdat hulle beskermd is, mag 'n mens hulle nie sommer aanhou nie. Ons het uiteindelik afgekom op Free Me, 'n wonderlike organisasie vir wilde diertjies wat in Gauteng bots met die "beskawing". Swaweltjie is na Gerda, 'n Free Me vrywilliger wat so 2 km van AfriForum se kantoor af woon, geneem en daar gaan hy op 'n dieet van rou maalvleis en maaskaas leef tot hy weer sterk genoeg is om vrygelaat te word! (Ons wou ook inboek, maar Gerda sê ons lyk klaar vet genoeg ...). Ondersteun Free Me of lees gerus oor die wonderlike diens wat hulle lewer by **www.freemewildlife.org.za**.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — DESEMBER 2006

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld, Pretoria News, Business Day* en *Citizen*? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.
- Tans word ondersoek ingestel om instellings wat volgens Hoofstuk 9 van die Grondwet ingestel is, se bestaan te regverdig. Dit sluit die Openbare Beskermer, Menseregtekommissie, Kommissie vir die Bevordering van Kutuurregte en Godsdiensregte, Kommissie vir Geslagsgelykheid, Ouditeur-Generaal, Onafhanklike Verkiesingskommissie, Onafhanklike Uitsaai-Owerheid, Staatsdienskommissie, Nasionale Jeugkommissie, Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en Finansiële en Fiskale Komitee in. Die instellings het tot middel Januarie tyd om op 'n vraelys van die Regering te reageer. Die ad hoc-komitee oor die hersiening van hulle bestaan staan onder leiding van prof Kader Asmal.
- R200 000 kontant is gister in twee banksakke opgetel in een van die besigste strate in Witbank. Dit was buit van 'n vroeëre rooftog by Coin Security se depot in die dorp. Al die geld is deur speurders teruggevind - insluitend die banksakke met kontant wat oornag op straat bly lê het en wonderbaarlik genoeg deur niemand opgetel is nie!
- Net 1 uit elke 5 studente wat in 2000 by tersiêre instellings ingeskryf het, het hulle studie binne die minimum toegelate tyd voltooi en geslaag. Die skokkende nuus is deur die Minister van Onderwys aangekondig. Sy het beloof om haar aandag dringend aan die redes vir die swak prestasie te skenk.
- 'n Suid-Afrikaner het sy au pair se diens beëindig toe sy swanger word, omdat hy van mening was dat sy nie meer haar volle aandag aan sy kind sou gee as sy eers self 'n moeder word nie. Die Arbeidshof het egter in November 2006 bevind dat dit 'n geval van onbillike ontslag was, aangesien die vereiste dat sy nie mag swanger raak nie, nie 'n inherente vereiste vir 'n au pair se indiensneming mag wees nie. Die voormalige werkgewer moes die swanger au pair skadevergoeding van R25 000 en R71 500 onbetaalde salaris betaal. Omdat geen appel teen die hofuitspraak aangeteken is nie, is die hofbevel nou "landsreg", wat 'n groot deurbraak vir ander au pairs beteken.
- Die legendariese Suid-Afrikaanse seiljagvaarder, Bertie Reed, is op 18 Desember 2006 aan kanker oorlede.
- Markinor het 'n studie gedoen oor Suid-Afrikaners se ondersteuning van politieke partye. Die grootste groep steun die ANC en die tweede grootste persentasie stemgeregtigdes het aangedui dat hulle polities onbetrokke is en geen politieke party steun nie!
- Die Britse regering het R14-miljoen beskikbaar gestel om hoër onderwys in Suid-Afrika uit te bou. Dit sal onder meer aan Suid-Afrikaanse universiteite beskikbaar gestel word.

- 'n Inisiatief word binnekort van stapel gestuur om 50%, in plaas van die huidige 20%, van Suid-Afrika se afvalglas te herwin. In die proses sal tot 4 000 werksgeleenthede geskep word. Tans word net 20% herwin, soos reeds gesê. Dit is klaar 140 000 ton glas per jaar. Besoek **www.theglassrecyclingcompany.co.za** vir meer inligting.
- Vyf ou gebou in Rosebank, Johannesburg word gesloop vir 'n nuwe Old Mutual eiendomsprojek ter waarde van R623-miljoen. Hulle is Admirals Court, Rosebank Boulevard, Oxford Corner, Knightsbridge en die ou Fournos-bakkery.
- Ongeveer 16 000 maatskaplike werkers word benodig om aan Suid-Afrika se behoefte te beantwoord. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling probeer tans om dit 'n aantrekliker loopbaan vir jong Suid-Afrikaners te maak. Kennisse in die sektor getuig egter van baie lang ure en lae salarisse.
- Megan Coleman en Zizo Beda is onderskeidelik gekroon as Mejuffrou SA en Mejuffrou SA Tiener.
- Suid-Afrika is die 7de gewildste land onder Britse emigrante.
- SAL se goedkoop lugdiens, Mango, loop kwaai onder kritiek deur weens vertragings en verlore bagasie. Hopelik net tandekryprobleme. Besprekings kan gedoen word by **www.flymango.co.za**.
- Suid-Afrikaners se gemiddelde lewensverwagting het sedert 1990 met 13 jaar tot 51 jaar afgeneem. Die dramatiese daling word hoofsaaklik aan die Vigs-pandemie toegeskryf. Wat nog meer skokkend is, is dat 'n geraamde 30% van die land se kinders skynbaar sterf sonder dat die statistiek oor hulle sterftes ooit amptelik aangeteken word. Laasgenoemde is berig deur *Health Review* van 2006.
- 'n Deeltitel 5-sterhotel gaan in Port Elizabeth opgerig word om die stad meer gewild as toeristebestemming te maak. Die hotel sal uit 150-suites bestaan en gaan sowat R250-miljoen kos. Dit sal as The Reef on Marine bekendstaan en word deur Auspex Properties ontwikkel.
- 'n Bedrieër is besig om namens Nampo geld in te samel vir 'n sogenaamde plaasveiligheidprojek teen plaasmoorde. Wees asseblief versigtig voor u skenkings maak!
- Buddy, 'n Suid-Afrikaanse plofstof-snuffelhond is in 'n fratsongeluk in Irak beseer. Daar was nie die nodige hulp vir hom beskikbaar nie en eerder as hom te laat uitsit, is hy na Suid-Afrika teruggevlieg en hier geopereer. Dit het sy werkgewers, Minedogs, R80 000 gekos, maar hulle gee nie om nie want hulle sê Buddy is nie net 'n bate vir hulle nie, maar 'n geliefde dier. Suid-Afrikaanse honde werk onder meer in Soedan, Irak en Afghanistan.
- In 6 provinsies van Suid-Afrika is daar sowat 200 000 onderwysers wat nog geen verhogings of ander bybetalings ontvang het nie, hoewel daar reeds in April 2006 ooreengekom is dat dit hulle toekom.
- Kgononyane High School in Ganyesa is waarskynlik die land se swakste hoërskool. In 2006 het net 1 uit die skool se 650 leerlinge die graad 7 tot graad 11 eindeksamen geslaag!
- Die hoofrede waarom Suid-Afrikaners geld leen, is om kos te koop.
- Bok van Blerk se debuut album *De La Rey* het pas dubbel platinumstatus bereik. [As jy dit nog nie gehoor het nie, moet jy dadelik plan maak!]
- Die Afrika-unie het kommer uitgespreek oor rasse-verhoudinge, geweldsmisdaad en politici wat toenemend die sakewêreld betree in Suid-Afrika.
- Die dief wat helder oordag in Mei 2005 'n Pierneef-skildery uit die SABC-gebou gesteel het, is uiteindelik aangekeer. Die skildery is nog soek en is moontlik vernietig.
- 'n Sprinkaanplaag saai verwoesting in die Noord-Kaap.
- Suid-Afrikaanse boere hou 'n hofsaak in Parys, Frankryk met groot belangstelling dop. Die saak gaan oor 11 Nederlandse boere wat verliese gely het weens die onteiening van hulle plase in Zimbabwe. Verrigte word deur die Internasionale Sentrum vir die Skikking van Beleggingsdispute beheer. Dit is 'n liggaam van die Wêreldbank. Die boere eis R107-miljoen van die Mugabe-regering. Talle Suid-Afrikaanse boere het ook groot verliese in Zimbabwe gely.
- 'n Voormalige straatkind, Mkhanyiseli Kapa (23) het pas die Eat Out-Johnnie Walker-restauranttoekenning ontvang as die land se mees dinamiese ontluikende sjef. Hy sê die My Life-projek vir straatkinders het sy lewe rigting gegee. Hy het onder meer kursusse in Londen gaan bywoon en is vandag 'n gesogte sjef - ons eie Jamie Oliver!

- Op 'n ligter trant, maar steeds 100% waar - die Advertensie Standaarde Organisasie (ASA) lewer 'n waardevolle diens om misleidende advertering in die media teen te werk. Die publiek kan klagtes oor advertensies aan hulle stuur. Een van die mees onlangse en opsienbarendste sake was waar bewys is dat daai pienk hasie nie 6 keer langer op sy batterye as op ander batterye nie ... In alle gevalle, een van die grappigste klagtes wat die ASA vanjaar ontvang het, was van 'n mnr. Steyn wat gekla het dat 'n advertensie disrespekvol na hom verwys. Dit was naamlik 'n seeppoeier advertensie waarin gesê word: "... removes fatty stains".
- Al gehoor van Marie Warder? Sy staan bekend as die nie-amptelike ambassadeur van Suid-Afrika, want sy is 'n besonder gewilde skryfster wat al meer as 20 boeke met 'n eg Suid-Afrikaanse geur geskryf het. Sy woon in Kanada, maar besoek Suid-Afrika om navorsing vir haar boeke te doen.

WELSYN – 'N OORSIG

- Die Helpende Hand Fonds is sowat 4 jaar gelede deur die vakbond Solidariteit gestig om maatskaplike projekte vir kinders van stapel te stuur in gemeenskappe waar die vakbond lede het. Lees meer hieroor op ons webblad (**www.solidariteit.co.za**) of kontak **helpendehand@solidariteit.co.za.**
- Sedert 1994 lewer 'n nie-winsmakende organisasie, Operation Bobbi Bear, wonderlike diens aan minderjarige verkragtingslagoffers in Kwazulu-Natal. Hulle leuse is "Every little body is a somebody" en hulle adres is **www.bobbibear.org.za**.
- Help gesiggestremde Suid-Afrikaners om hulle onafhanklikheid terug te kry. Besoek **www.sancb.org.za**.
- Een van die wonderlikste prentjies is die totale vertroue, vriendskap en onafhanklikheid wat 'n gesiggestremde persoon en sy of haar gidshond deel. Ondersteun hulle asseblief by **www.seeme.za.org**. [Terloops, hierdie adres is korrek!].

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- ***'n Versoek aan alle Suid-Afrikaners met 'n passie vir Afrikaans van Prof. Jacques van der Elst, HUB, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns:*** Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns beplan om sy 100-jarige bestaan te vier deur van ons taal se mooiste gedigte met vertalings in Engels te publiseer. Dit sal 'n koffietafelboek wees. Omdat Afrikaans op sy mooiste en oorspronklikste manifesteer in gedigte, meen ons dat so 'n publikasie dalk 'n vertoonstuk vir Afrikaans in u nuwe permanente of tydelike vaderland sou wees. Om dit te kan uitgee, moet ons 'n aanduiding kry van die afsetmoontlikhede van so 'n publikasie. Dit moet naamlik 'n finansieel haalbare onderneming wees. Na skatting kan so 'n publikasie, as dit 'n glansuitgawe gaan wees, minstens R200-00 per eksemplaar kos. Ons doen 'n beroep op u om op hierdie skrywe te reageer indien u in bogenoemde publikasie sou belangstel. Indien u miskien sal oorweeg om so 'n bundel aan te skaf, stuur net 'n leë e-pos aan **gedigte@getresponse.com**. Ons waardeer u inset! Onthou dat u onder geen verpligting is om dit wel te koop nie!
- ***Dr. Evert van Dijk laat weet***: Ons wil Suid-Afrikaners help om goedkoper tussen Australië/Nieu-Seeland en Suid-Afrika te reis. Ons sou graag voornemende passasiers wat vanaf April 2007 van 'n direkte retoervlug tussen Johannesburg en Sydney/Auckland, asook 'n direkte retoervlug tussen Sydney/Auckland en Johannesburg gebruik wil maak, op 'n lys sit. Sodra daar 16 of meer mense in 'n groep is, kan ons reël om 'n datum met die lugredery vas te maak. Elkeen in so 'n groep sal ongeveer R1 000 of 200 AUD teen die huidige wisselkoers kan bespaar. Belangstellendes kan Evert en Delia van Dijk kontak by **deliag@slingshot.co.nz** of in Australië by (09) 5701490.

♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦

NUUS: Ons webwerf is pas opdateer – gaan loer gerus by www.komhuistoe.co.za of www.comehome.co.za – En ons wil graag 'n nuwe blad op die web begin waar mense hulle stories oor emigrasie met almal kan deel. Ons sien nie kans vir 'n "chat-room" nie, want daar is maar redelik baie vreemde mense op die aardbol en ons het nie tyd om 'n "chat-room" te monitor nie. As julle briewe vir ons stuur, kan ons dit wel oplaai. Onder is drie voorbeelde van baie interessante pos wat ons die afgelope week ontvang het. Stem julle met die skrywers saam, of verskil julle van hulle? Die possak wag opgewonde op julle nuus!

♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦♦

- ***Uit Kanada:*** Dankie vir die geleentheid om vir ander te laat weet hoe moeilik en verkeerd dit is om jou land te verlaat. Ons woon na 3 en 'n half jaar in Kanada. Ons verlang daagliks terug maar finansieel is dit baie moeilik en dis waar wat almal sê, as ek 'n werk kry is ek weg. Die ander probleem is my 14 en 19 jarige kinders. Hulle wil niks weet van terug gaan nie. Hulle het te gewoond geraak aan die vryheid en veiligheid hier. Dit is verskriklik moeilik om aan te pas. My man is goed gekwalifiseerd en in SA hoef ek nie te gewerk het nie. Het 'n pragtige huis en kar gehad. Hier aangekom het ek Hotel kamers skoon gemaak en toilette gewas. Ons het ook in die nag 'n restaurant gaan skoon maak en daar vloere geskrop en toilette gewas. Niemand wou my aanvaar in 'n Sekretariële pos nie. Ek was vir 15 jaar 'n Sekretaresse in SA en 'n Sersant in die Lugmag. Hulle aanvaar nie my kwalifikasies nie en ek moet alles gaan oordoen. Ek het nog nooit die geld gehad om weer al my komper kursusse oor te gaan doen nie. Twee van my vriendinne is Onderwyseresse en hulle word nie aanvaar nie. Die een is nou terug SA toe. Baie verstaan ons nie altyd so lekker nie alhoewel ons perfekte Engels praat. Kla oor die aksent maar is mal daaroor. Ek het begin skool bus ry 3 ure per dag en vinnig geleer die Kanadese kinders het GEEN maniere nie. Hulle weier om jou te groet. Vloek jou en noem jou name. As gaste in jou huis, kom hulle in en groet jou nie. Ek het gedog dis net ander mense se kinders wat dagga rook en drugs gebruik, wat 'n groot skok toe my eie seun dit op 16 begin doen het. 99% kinders rook dagga en meeste ouers se dis net 'n fase wat hulle deur gaan. Drugs is REGTIG 'n groot probleem in Kanada. Die mense het ook die gewoonte om keel skoon te maak en dit in die straat te spoeg, tot party vrouens doen dit. Ek bestuur nou Coach vir 'n toergroep. Ek werk tussen 12 en 16 ure skofte (50 tot 80 per week) en dit is wettig hier. Ek MOET werk anders kan ons nie eet of lewe nie. My man se salaris dek net die huis se goedjies en die kar. Ons betaal deur ons nekke vir versekering en nuwe drywers soos kinders betaal groot geld. Ons was gesien as NUWE drywers toe ons hier aangekom het en het $300 per maand betaal op 'n 10 jaar oue kar. Dis nou klein bietjie minder. Ons kan ook net nie gewoond raak aan die weer nie. Jy is basie 8 maande van die jaar in die huis. Die somer was so matig dat ons nie eers kon swem nie. Dit reën baie en as dit sneeu gooi hulle sout op die paaie wat die sneeu smelt en almal ry met "wit" besmeerde karre rond in die winter. Glad nie goed op die karre nie want dit laat die karre roes. Ons het oor gekom op werkpermitte en die kinders op studente permitte. My seun nou 19 en 'n half mag nie werk nie. Ons wag al 9 maande vir ons "background check" van Binnelandse sake om ons "Permanent Recidency" te verkry sodat my seun mag werk. Hulle weier summier om hom 'n werk permit te geen en niemand wil hom invat sonder 'n wettige werk permit nie. Ek het my suster 1 keer gesien van Julie 2003 en my ma was al hier by my. Dit is regtig baie moeilik om sommer net so uit jou bekende lewe weggeruk te word en in die vreemde te bly. Ons het baie vriende en familie van SA al af geraai om te immigreer want as ons kon het ons more terug gegaan. Ja dit is en bly 'n groot vrees met al die geweld in die land en dit is hoogtyd dat hulle die onwettige immigrante uit SA skop want hulle is die groot probleem. Snaaks hoe maklik hulle in SA in kom in ons kan nie eers wettiglik in Kanada in kom sonder om duisende dollars te betaal nie. Dit kos ons tot op datum $16 000 (R95000) net vir ons papierwerk en dis nog nie die einde nie. Al wat ek wil sê is dat mense moet dit baie mooi oorweeg voor hulle 'n skuif wil maak. Die gras is groener aan die ander kant omdat daar baie meer "mis" op die gras is. Dis baie erg om so ver van jou mense te wees en nie te weet of jy hulle ooit weer sal sien nie. Ek en my man voel dat as iets met een van ons gebeur dat die ander een sal terug gaan SA toe. My suster se antwoord was, hoekom wag tot iets met een van julle gebeur voordat julle die besluit moet

maak. Dis waar. Die medies hier is baie, baie swak. Jy wag maande om 'n spesialis te sien en jy is gelukkig as jy 'n dokter kry. Mense wag tot 4 jaar op waglyste. Jy sukkel ook om medisyne te kry. Kan nie iets oor die toonbank by jou Apteker kry nie. My ma moes R650 betaal om 'n dokter te sien toe haar bloeddruk 180 was en nog R500 betaal vir 'n paar pilletjies. Niemand help jou gou-gou onder die tafel nie. Hoop dat hierdie woorde van wysheid aan ander mag wees. Altyd, ONS VIR JOU SUID-AFRIKA!

- ***Uit Suid-Amerika:*** Ek is baie gelukkig hier en dit is baie beter hier en minder korrup en minder crime en boonop kan 'n mens tot laat in die aande rondloop. Ek sien geen toekoms in Suid-Afrika nie. Ek sukkel te veel om 'n werk te kry in Suid-Afrika en boonop is ek wit.
- ***Uit Nederland:*** Dit is 'n nagmerrie om 'n huis te probeer kry in Nederland. Huur sowel as koop. Die Nederlandse manier van doen is bietjie raar wat dit alles betref, en boonop is die huurmark baie klein, ons soek nou al 7 maande na 'n huis om te huur en ek het in die 7 maande net 4 huise gesien. Die aanbod is byna niks, en al die wetgewing om huur maak dat baie min mense hulle huise verhuur. Koop is ook baie interessant - dit is duur en jy kry min vir jou geld, en die vorige eienaars vat alles van die ou huis - ligte, glas, plante uit die tuin, so as jy 'n huis gaan kyk is dit net 'n dop. Vir my was dit skokkend om te dink jy koop iets vir soveel geld en dit is totaal onbewoonbaar, jy moet nog so 30 000 euro uithaal om dit eenvoudig woonbaar te maak. Vloerplanke in te sit ens. Ek het een huis in Rotterdam gesien waar die mense wat verkoop het selfs tot die gras in die tuin weggevat het. Ek het geen idee wat hulle met die goed doen nie, maar hulle verwyder dit liewers as om vir die volgende ou te los. Baie, baie vreemd! Ons wou in 2002 koop maar die banke wou dit nie toelaat nie omdat ons nog nie permanente verblyf gehad het nie - hulle wou eers 'n baie groot kontantdeposito sien en ons het geweier. Dus het ons dit gelos. Maar ek is lekker reg vir my eie plek nou waar ek die mure rooi kan verf as ek wil, so ek hoop dit werk gou uit.

Hiermee dan groete en seënwense vir 2007 van ons almal by AfriForum, naamlik:

Kallie, Annatjie, Deon & Alana
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]